

6 Februarie

**Skrifgedeelte: Eksodus 20:12; Deuteronomium 5:16; Heidelbergse Kategismus  
Sondag 39**

**Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:13-17**

### **Dankie vir hulle wat oor my gestel is**

Wat 'n voorreg om mense te hê wat oor my gestel is. Mense na wie ek mag opkyk en aan wie ek my kan onderwerp.

Ouers wat my van kleins af geleer het en na wie toe ek kon hardloop as ek seer het, bang word of sommer net dom voel oor die lewe. Onderwysers wat my gevorm en geleer het. Polisiemense wat my beskerm, 'n stadsraad wat besluite moet neem oor my woonbuurt, 'n regering wat die land moet beveilig, verkeersmense wat orde op die paaie kan handhaaf.

Dink net watter onmoontlikheid sou dit wees as ek oor al dié dinge bekommerd moes wees. As ek pa en onderwyser en verkeerskonstabel en burgemeester en president moes wees. Ja, hulle het almal hulle swakpunte. Ja, soms dink ek ek sou dit beter as hulle kon doen. Ja, soms doen hulle dom dinge. Maar hulle is deur die Here daargestel. My Here Jesus Christus, wie se onderdaan ek is.

Daarom kan ek my onderwerp; omdat Hy my Koning en die regeerder en beslisser van my lewe is. Omdat Hy oor al hierdie mense regeer. Omdat Hy deur al hierdie mense regeer, tot my beswil. Dit is hoe Hy in hierdie gebrokenheid regeer. Ek weet Hy sal die onreg straf, die ongeregtheid uitwys, die bedrog aan die kaak stel, rekenskap eis oor die verkwisting en magismisbruik. Hy sal daardie rekenskap van hulle eis en hy sal dit ook van my eis.

Daarom kom ek vandag in nederige gebed voor die Vader. Daarom bid ek vir vergifnis van my eie sondes en daarom pleit ek vir geduld met hulle gebreke. Daarom bid ek dat hulle sal besef dat hulle dade iets van die Koningskap van Jesus Christus moet spieël. Daarom dank ek die Here vir hulle wat oor my gestel is.

Sing: Psalm 72:1 (2001-omdigting)

Ds. HS Coetzee (Potchefstroom-Die Bult)